

Onderwys

'Voed rassistiese kinders op, moet hulle nie skors'

Deur Hannes Kruger 20 Junie 2017 10:12



Prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit se Edu-Right-navorsingsentiteit.



Mugwena Maluleke, hoofsekretaris [SADOU]

Leerlinge wat rassisties teenoor ander leerlinge is, moenie geskors word nie, maar eerder opgevoed word, sê kenners.

“Indien ’n leerling aan rassisme skuldig bevind word, behoort remediëring van die leerling se optrede ook plaas te vind. Anders hanteer ’n mens nie die saak volledig nie,” sê prof. Elda de Waal, onderwysregkenner aan die Noordwes-Universiteit se Edu-Right-navorsingsentiteit.

“Aangesien sulke aantygings lastig begin raak in ons land, moet dit dadelik ondersoek en opgelos word. Ontlont die saak so gou moontlik op ’n regverdige manier sonder om die saak onder die mat in te vee,” sê De Waal.

Sy sê dis baie belangrik om te beseef dat die straf van leerlinge altyd ’n opvoedkundige oogmerk moet hê en dat remediëring moet plaasvind.

“Die leerling moet dus leer uit die fout en regstel wat verkeerd was.”

Dit kom nadat ’n leerling van ’n hoërskool in Pietermaritzburg geskors is nadat sy ’n medeleerling in ’n stembodskap ’n [k****r](#) genoem het.

De Waal sê skorsing op skool is gewoonlik ’n tydelike maatreël wat veral daarop gemik is om leerlinge se emosies tot bedaring te laat kom terwyl die saak ondersoek word.

Mugwena Maluleke, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Demokratiese Onderwysersunie (Sadou), sê skoolbeheerliggame moet ’n nasionale beleid saamstel oor rassistiese kwessies.

“Rassisme moet in die eerste plek nie gebeur nie. ’n Beleid met spesifieke strafmaatreëls wat aan die leerlinge gekommunikeer word, sal help om sulke gevalle te voorkom,” sê Maluleke. Volgens hom gaan opvoeding oor baie meer as die toepas van ’n kurrikulum.

“ HULLE MOET GELEER WORD OM HULSELF IN ANDER SE SKOENE TE PLAAS.”

- Mugwena Maluleke

“Ons leerlinge moet vaardighede aanleer soos refleksie. Hulle moet geleer word om hulself in ander se skoene te plaas. Hulle moet leer om te dink hoe dit sal voel om ’n slagoffer van byvoorbeeld rassisme of xenofobie te wees.”

Ons skolestelsel moet leerlinge bemagtig om te help bou aan ’n verdraagsame samelewing waar mense mekaar respekteer, sê Maluleke.

De Waal sê ook die aanhef van die Skolewet stel dit duidelik dat die skolestelsel die onregte van die verlede moet regstel en “rassisme as ’n vorm van onregverdige diskriminasie en onverdraagsaamheid sal bekamp”.

Elijah Mhlanga, woordvoerder van die departement van basiese onderwys, sê daar is geen standaardstraf vir rassistiese aanmerkings nie.

“Daar sal eers ’n ondersoek moet wees om die geskikte straf te bepaal na aanleiding van al die feite en omstandighede van die beweerde voorval.”

Mhlanga sê dit is eerstens hoofsaaklik die ouers se verantwoordelikheid om seker te maak hul kinders leer die waardes van respek vir ander en jouself.

“Ons kurrikulum is gegrond op menseregte, inklusiwiteit en maatskaplike geregtigheid. Die nasionale kurrikulumverklarings (NCS) vir gr. R tot 12 is sensitief oor kwessies rondom diversiteit soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, taal, ouderdom, gestremdheid en ander faktore”